# Suiderstrand-Vereniging

Notule van die komiteevergadering van 13 Mei 2025

**1. Opening**

Die voorsitter heet die teenwoordiges verwelkom.

**2. Bywoning en komiteeveranderinge**

2.1 *Teenwoordig*

Danie Schutte (Voorsitter)
Gerrit Posthumus (Brandbestrydingsbeampte)
Louis Lourens (Uittredende tesourier)
Johan Pienaar (Sekretaris)
Gawie du Toit (Ondervoorsitter)
Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assitent-sekretaris)

2.2 A*pologie*

Tina du Plessis (Brandvoorkomingsbeampte)
Geoff Nichols (Bewaring)
Willem Nel (Tesourier)

**3. Notule van die vergadering van 3 April 2025**

Eenparig goedgekeur.

**4. Plasing van dokumente op webwerf**

Die uitstaande dokumente wat nie op die webwerf gesit is nie sal deur Gawie geplaas word. Finansiële dokumente asook nuusbriewe sal ook gelaai word. Nuusbriewe en algemene inligting moet ook in die toekoms per e-pos aan lede gestuur word.

**5 Gesprek oor lidmaatskap (Schalk en Gawie se briewe)**

Schalk en Gawie het briewe oor die aangeleentheid geskryf. Briewe is ook aan Klaas gestuur want hy het belangstelling daarin getoon. Dit sal op 'n vergadering bespreek word wat deur Schalk en Klaas bygewoon word.

**6. Finansies**

Louis het nuutste finansieële verslag beskikbaar gemaak. Die voorsitter bedank hom daarvoor. Die spreadsheet sal ook op die webwerf geplaas word.

**7 Oprigting van verwelkomingsbord en straatnaamborde**

Die nuwe borde word gemaak deur 'n persoon in Napier. Die verwelkomingsbord sal ook 'n bord bevat wat op geskryf sal kan word om byvoorbeeld die markdag aan te kondig. Daar is ook 4 straatnaamborde as voorbeelde gedoen. Hulle sal ook opgerig word. Jaco het die font en die genoemde kennisgewingbord voorgestel. Die Harcourt borde se pale sal gebruik word vir die nuwe borde.

**8. Gesprek met parkhoof**

Die parkhoof van die nasionale park is gekontak oor die borde by die parkeerterrein. Hy gee sy goedkeuring en is entosiasties oor die nuwe borde.

**9 Verwydering van pale en telefoonpale**

Die munisipaliteit het goedkeuring dat pale sonder borde verwyder kan word.
Daar is 'n persoon by Telkom genader oor die verwydering van telefoonpale. Hy sal dit oorweeg as fotos van die pale aan hom gestuur word. Danie sal brief en foto's stuur. Die pale sal deur ons gratis verwyder word. Die pale sal moontlik deur die eienaar van Earth restaurant gebruik kan word.

**10 Verwelkomingsbrief**

Geoff het die brief geredigeer. Die brief sal aan nuwe intrekkers versprei word. Daar sal ook 'n boekie oor die inheemse plante in Suiderstrand aan hulle verskaf word. Komitee sal die verspreiding hanteer.

**11 Verdere aksie oor spoedwalle**

Deon sou uitkom om te kom kyk na spoedwalle. Sy seun was egter in 'n ernstige motor ongeluk en ons wag nou vir 'n datum van hom af om die plasing van nuwe spoewalle te finaliseer.

**12 Brief oor toegangspad**

Die voorsitter het 'n brief oor die toegangspad se opgradering aan die munisipaliteit en raadslid gestuur. Die brief sal op die webwerf geplaas word.

**13 Ander sake**

Daar is nog heelwat t-hemde oor. Daar word voorgestel dat die hemde op die markie verkoop word. Ann sal gekontak word om ons te help hiermee.

**14 Volgende vergadering**

2 Junie 2025 om 17h00.

Notule voorberei deur Johann Pienaar (sekretaris ) op . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . .

Notule bevestig deur die voorsitter, Danie Schutte op . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . .